higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

HOUTWERKERSTEORIE N1

(11022171)

29 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Tekeninstrumente en nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

164Q1E2329

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
HOUTWERKERSTEORIE N1
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae met aandag deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
5. Tekeninge moet netjies en taamlik groot wees, en moet in potlood gemaak word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 'n Loodgieter moet sorg dat kleppe en afsluitkrane maklik toeganklik is.

1.1.2 'n Timmerman werk op 'n bouperseel terwyl 'n skrynwerker in 'n werkswinkel werk.

1.1.3 'n Argitek voer die konstruksie van 'n gebou volgens 'n plan uit.

1.1.4 'n Kliënt of eienaar bestuur en beheer die boukoste van 'n gebou.

1.1.5 Produktiwiteit is vir enige konstruksiemaatskappy belangrik.

1.1.6 'n Dekorateur of versierder maak seker dat die saagsels en enige deeltjies aan stene verwyder word.

1.1.7 'n Pleisteraar wend 'n gladde vlaklaag op 'n betonvloer aan.

1.1.8 'n Houtmasjienwerker werk in 'n werkswinkel waar alle soorte hout tot skrynwerkers of meubelmakers se beskikking is.

1.1.9 'n Messelaar is 'n ambagsman wat vir die strukturele kern van 'n gebou verantwoordelik is.

1.1.10 'n Dakwerker moet nagaan dat grondvloerhout nie aan mure raak nie. (10)

(10 × 1)

1.2 Definieer die term *produktiwiteit* kortliks. (2)

1.3 Noem DRIE belangrike funksies van ambagsverenigings. (3)

[15]

VRAAG 2

2.1 Definieer die term *ongeluk*. (2)

2.2 Hoekom is goeie huishouding belangrik en nuttig? (4)

2.3 Noem TWEE soorte lyfbeskermende toerusting en hulle toepassings. (4)

2.4 Noem VYF veiligheidsmaatreëls wat mens moet volg voordat jy met elektriese toestelle werk. (5)
[15]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik kortliks die volgende dele van 'n boomstam:

3.1.1 Murg

3.1.2 Spinthout

3.1.3 Bas

(3 × 3) (9)

3.2 Noem VIER elemente van 'n droogoond. (4)

3.3 Noem DRIE gebruike van waterbestande spaanderbord in 'n gebou. (3)

3.4 Verduidelik die oorsake van sterskeure kortliks. (2)

3.5 Noem TWEE soorte eendoelige plastiek. (2)
[20]

VRAAG 4

4.1 Benoem elke stuk gereedskap hier onder deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.



4.1.1



4.1.2



4.1.3



4.1.4



4.1.5



4.1.6



4.1.7



4.1.8



4.1.9



4.1.10

(10 × 1) (10)

4.2 Verduidelik die verskil tussen die volgende kortliks:

4.2.1 Kruishout (2)

4.2.2 Tapkruishout (3)

[15]

VRAAG 5

5.1 Benoem elke hegmiddel hier onder deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.



5.1.1



5.1.2



5.1.3



5.1.4



5.1.5

(5 × 1) (5)

5.2 Voeë wat met metaalverbindingsplate gemaak word, is sterker is as enige ander soort voegwerk.

Noem enige TWEE soorte verbindingsplate. (2)

5.3 Noem VYF voordele van lym met 'n waterbasis. (5)

5.4 Hekklinke word op hekke en deure gemonteer om hulle toe te hou.

Noem enige DRIE soorte klinke wat jy ken. (3)

[15]

VRAAG 6

6.1 Teken netjiese isometriese aansigte om die verskil tussen die volgende aan te toon:



6.1.1 Inlaat- of blinde voeg

6.1.2 Swaelsterthalfhoutvoeg

(4 × 2) (8)

6.2 Noem TWEE soorte voeë om hout breër te maak. (2)

[10]

VRAAG 7

In die tabel hier onder word die werk van verskeie ambagsmanne in 'n gebou aangedui.

Bereken elke ambagsman se koste en totale koste vir die werk wat gedoen is, en skryf die bedrag langs die vraagnommer (7.1–7.1) in die ANTWOORDBOEK neer.

AMBAGSMANNE	TOTALE URE	TARIEF PER HUUR	AMBAGSMANKOSTE	MATERIAAL KOSTE	TOTAAL KOSTE
Timmerman	4 uur	R32,20	7.1	R689,30	7.6
Skrynwerker	33 uur	R45,56	7.2	R1 050,10	7.7
Houtmasjienwerker	16 uur	R102,10	7.3	R820,80	7.8
Dakwerker	72 uur	R28,90	7.4	R1 035,15	7.9
Winkeluitruster	6 uur	R75,30	7.5	R596,98	7.10

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL: 100



Kopiereg voorbehou